18. Kerkargief en Kerkmuseum

18.1 RAPPORT DEPUTATE HISTORIESE SAKE (Artt 65, 66, 252)

A. Dr JM van Tonder stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
C. Dr JH Howell rapporteer namens die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
D. Ds W Vogel rapporteer namens die Kommissie Finansies.

E. RAPPORT

1. Opdrag

Sien Acta 2003:448-453

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 *Die Kerkargief*

Met groot dankbaarheid teenoor die Here kan ons rapporteer dat die Kerkargief die afgelope drie jaar goed gefunksioneer het. Daar is met groot vrug gearbei en baie navorsers kon gehelp word. Baie inligting is by bestaande versamelings gevoeg en nuutingekome dokumente is met groot sorg georden en ingeskakel.

Sekere afdelings van die Kerkargief het nog baie spesifieke aandag nodig, oa die Bybelvertaling-, foto-, en persoonlike versamelings. Oor die algemeen kan ons egter met trots rapporteer dat die Gereformeerde Kerke oor ‘n netjiese, goedgeordende argief beskik, ‘n argief wat die ondersteuning van al ons kerke verdien.

Genealogiese navorsers besoek ook gereeld die Kerkargief en heelwat e-posnavrae in verband hiermee word ontvang. Dit is net jammer dat soveel van die belangrike lidmaat-, doop- en huweliksregisters nog steeds deur gemeentes teruggehou word. Dit bemoeilik die navorsing aansienlik.

Nog ‘n bron van kommer is dat kerklike instansies, gemeentes, Partikuliere Sinodes en Klassisse waardevolle dokumente op vergete plekke en onder haglike omstandighede stoor. Dit maak sulke dokumente later heeltemal onbruikbaar en waardevolle inligting gaan verlore. By die Kerkargief word dokumente onder die regte omstandighede bewaar.

Dit wil tog voorkom asof die ywer waarmee die Kerkargief tot stand gekom en in stand gehou is, by die meeste gemeentes heeltemal verflou het. Dokumente word net af en toe aangestuur, maar ons kan tog net bewaar wat ons ontvang.

Die meeste gemeentes se inligting is deesdae op rekenaar beskikbaar, maar die gevaar bestaan tog dat dit verlore kan raak. Jaarlikse uitdrukke van alle inligting is noodsaaklik, maar die byhou van handgeskrewe lidmaat- en doopregisters wil ons sterk by die gemeentes aanbeveel.

In die afgelope drie jaar is ‘n nuwe rekenaar en ‘n tweedehandse fotokopieerder ontvang. Die Kerkargief self is uitgeverf en die kantoorgedeeltes van nuwe matte voorsien.

'n Woord van hartlike dank en waardering gaan hiermee ook aan mnr Tom Larney (Direkteur Biblioteekdienste van die Ferdinand Postma-Biblioteek) wat die afgelope aantal jare as Ere-Argivaris opgetree het. Ook aan sy sekretaresse, mev Riana van der Westhuijzen, wat nog steeds al die tikwerk van die Kerkargief behartig, ons hartlike dank. Mnr Larney is nog steeds as Deputaat en in adviserende hoedanigheid by die Kerkargief betrokke. Mev J Botha beklee tans die pos van argivaris. Sy word bedank vir haar ywer en toewyding.

Dr JM van Tonder en mnr NG Sarkady het namens die Deputate gedurende 2005 verskeie Klassisse toegespreek oor verskeie sake wat die argief en museum raak. Aan alle Klassisse is weer die riglyne wat deur die argief uitgegee is, aangestuur vir deeglike kennisname.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

Deputate word weer aangewys om die belange van die Kerkargief te behartig.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Musea*

2.2.1 Die Potchefstroomse Kerkmuseum

Die Deputate kan met groot dankbaarheid verslag doen dat die werksaamhede by ons Kerkmuseum voortgaan.

Die Kurator: Die vorige kurator br MPA Coetsee is op 29 Januarie 2003, kort na die Sinodesitting oorlede. Die Deputate het vir mev MED Coetsee (wed van br Coetsee) gevra om tydelik voort te gaan om die sake rondom die Museum te behartig. Ons kan getuig dat sy hierdie opdrag met groot ywer en nougesetheid uitvoer. Mev Coetsee word bedank vir haar werk asook ds JG Noëth wat haar dikwels bystaan.

Skenkings en bywoning: Die Museum ontvang steeds van tyd tot tyd artikels as skenkings om by ons reeds bestaande uitstallings te voeg. Die Museum is die afgelope drie jaar goed besoek deur verskeie katkisasiegroepe, belydeniskandidate, oorsese besoekers, toergroepe en navorsers.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

(a) Daar word weer Deputate aangewys om die sake rondom die Potchefstroomse Kerkmuseum te hanteer.

(b) Die gebou self en die instandhouding word toegewys aan die Eiendomskommissie van die Administratiewe Buro.

Motivering: Sover die Deputate kon vasstel, is dit die wyse waarop omgegaan word met al die ander eiendomme van die kerk en het dit geen sin dat hierdie geboue aan twee Deputategroepe opgedra word nie. Dit blyk in praktyk dat die instandhouding van die geboue telkens op die agenda van die Eiendomskommissie sowel as die Deputate Historiese Sake verskyn en dit is onnodig.

(c) Dat kerke binne die GKSA aangemoedig word om artikels te skenk vir die Kerkmuseum.

(d) Dat daar weer geraam word vir die finansiële implikasies vir die instandhouding van ons Museum.

Begroting: Potchefstroom Kerkmuseum 2006-2009 (per jaar vir drie jaar)

Honorarium (Kurator)	R12 000.00
Instandhouding (Skoonmaak en korrespondensie)	R 2 500.00
Diverse uitgawes	R 2 500.00
	R17 000.00

(LW: Indien die aanbeveling nie aanvaar word om die eiendomme te verwys na die Eiendomskommissie nie, sal daarvoor ook begroot moet word.)

Besluit: Goedgekeur met wysiging van b. (Wysiging hierbo aangebring.)

2.2.2 Die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum

Prof Bouke Spoelstra hanteer namens die Deputate die belange te Burgersdorp en word bedank vir sy volgehoue betrokkenheid.

Die destydse Deputate vir die Kerkargief het in die Sinode van 1970 rapporteer dat hulle in samewerking met die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp daarin geslaag het dat die geboue waarin die eerste Teologiese Skool van die GKSA in 1869 gestig is, op 28 Maart 1969 deur die Raad en Minister van Nasionale Opvoeding tot Historiese Gedenkwaardigheid verklaar is. Die Sinode het verantwoordelikheid vir die "instandhouding en restourasie van hierdie gebou" saam met die Kerkraad van Burgersdorp aanvaar en finansies bewillig (Acta 1970:444, 6c). Uit die onderhandelinge het die "inrigting van 'n museum aldaar" na vore gekom en het 'n bestuurskomitee van 'n "streeksmuseum" met die Kaapse Provinsiale Administrasie oor "subsidie" onderhandel en rapporteer dat dit slegs kan gebeur indien die Museum deur 'n Beheerraad van ses lede bestuur word en op 'n "goedgekeurde tematiese grondslag ontwikkel word". Die Deputate het in 'n memorandum 'n tema wat baie wyer as 'n "plaaslike museum" strek, voorgelê wat vir die "Kaapse Direkteur van Natuurbewaring aanneemlik blyk te wees." Die Sinode het geld bewillig vir die "uitbou van musea" (Acta 1970:445 ev; 1973:455 ev). Die betrokkenheid van Sinodes van die GKSA by die oprigting van die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum (BKM) in samewerking met die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp is deur ondersteuning van die Munisipaliteit van Burgersdorp en plaaslike gemeenskap opgevolg. Die Administrateur van Kaapland het selfs ingewillig om die aanstelling van twee van die drie benoemde lede van die Beheerraad op voordrag van die Kerkraad van Burgersdorp te doen wat weer met die Deputate van die Kerkargief sal raadpleeg om verteenwoordiging van die oorspronklike oprigters te verkry. Uit die Kerkmuseum is museumstukke na Burgersdorp oorgeplaas en die Sinode het "Stigterslidmaatskap" van die Museum aanvaar (Acta 1973:456). Kragtens 'n nuwe Ordonnansie vir Museums in Kaapland in 1975 is drie kategorieë van Museums gereël: plaaslik-, provinsiaal-ondersteunde- (waaronder die BKM sedert 1975 ressorteer), en provinsiale museums. Die Beheerraad van 'n provinsiaal-ondersteunde (gesubsidieerde) museum het toe as Trusteeraad bekend geword.

Die Provinsiale Administrasie (Regering) van die Oos-Kaap het die Kaaplandse nuwe museumwet in Augustus 2004 aangekondig waarin die Ordonnansies van die Kaapse Administrasie van 1975 herroep word. Kragtens die Wet van 2004 word die kategorie "provinsiaal-ondersteunde museums" waaronder die BKM geressorteer het, opgehef en die term word vir "plaaslike museums" gebruik. Volgens art 14 van die nuwe Wet sal 'n Trusteeraad van 'n eertydse "provinsiaal-ondersteunde Museum" ontbind word en gaan so 'n museum se beheer en

inhoud oor na die "Museum Council" en "Chief Museum Officer" van die Provinsie Oos-Kaap. Dit kom neer op anneksering en onteiening van die Museum en tersydestelling van die Trusteeraad en is 'n totale breuk van die posisie en ooreenkoms wat die oprigters van die BKM met die Kaaplandse Administrasie gehad het. Die nuwe Wet van Oos-Kaap wil die BKM sentraliseer, provinsialiseer onder volslae outokratiese beheer van 'n burokrasie tensy die huidige Trusteeraad in beheer van die BKM as "community museum" kragtens art 28 van die nuwe Museumwet erken word en subsidie by die provinsie beding waarvoor die nuwe Wet voorsiening maak.

Alternatiewelik sal die Trusteeraad die Museum aan die provinsie (en moontlike subsidie) moet onttrek. Die Trusteeraad onderhandel tans met die provinsie Oos-Kaap en het ook regshulp by die Noordwes Universiteit (Potchefstroom Kampus) en Regsdeputate van die Sinode gevra.

Indien nodig sal die Deputate Historiese Sake aanvullend hieroor by die Sinode 2006 moet rapporteer en van die Sinode regskundige en finansiële hulp moet kry om sy selfstandigheid te behou totdat sy regsposisie, status en voortbestaan opgeklaar is.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

(a) Dat die Deputate Historiese Sake in terme nuwe wetgewing die Trusteeraad van BKM adviseer om in onderhandeling met die Oos-Kaapse Wetgewer volgens die nuwe wetgewing oor te gaan na 'n sogenaamde "gemeenskapsmuseum".

Motivering:

Dit is die enigste wyse waarop die GKSA kan verseker dat hy eienaarskap en seggenskap van hierdie museum behou.

(b) Die Finansiële Kommissie word aangewys om in oorleg met die Administratiewe Buro aandag te skenk aan die finansiële implikasies van die besluit geneem by (a)

(c) Die Deputate Historiese Sake maak kontak met instansies om behulpsaam te wees met die befondsing t.w.v. die onderhoud van die Burgersdorpse Museum. (Instansies wat tans betrokke is, is die Pukkampus van die Noordwes-Universiteit. Ook die Dankbaarheidsfonds en staatsubsidies is moontlike bronne waaruit hierdie onderhoud befonds sou kon word.)

Besluit: Goedgekeur.

2.2.3 Krugerskraal

Die Deputate versoek by monde van mev Ami du Toit dat in die Rapport in die Aanvullende Rapport 'n plek ontvang, in die lig van die snelveranderde toestand op Krugerskraal.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings:

(a) Dat Krugerskraal nie verkoop word nie.

Motivering:

In die lig van die volgende sake moet hierdie erfenis van die Gereformeerde Kerke behoue bly:

(i) Niemand anders sal hierdie eiendom twv die Gereformeerde nagedagtenis beskerm en bewaar nie.

(ii) Daar kan toekomstig 'n groot oplewing in toerisme plaasvind, agv die Vredefortkoepel in die omgewing. Die moontlikheid bestaan dat

kampe vir klein groepe op die plaas aangebied kan word en dat daar selfs staproetes oor die plaas uitgelê kan word.

(iii) Die probleem tov watervoorsiening is in 'n groot mate opgelos.

(iv) Daar is tans 'n persoon, by name Isak Potgieter, wat aangebied het om die plaas vir 10 jaar te bewoon en op te knap. Hy sal die arbeid gratis verskaf solank die materiaal aan hom beskikbaar gestel word.

Besluit: Goedgekeur.

(b) Dat die Administratiewe Buro aangewys is as die verantwoordelike liggaam om na die instandhouding van die gebou op Krugerskraal om te sien.

Motivering:

Weens skynbare verwarring wat by die Deputate Historiese Sake oor hierdie saak bestaan het, bewoon ongewensde persone tans die opstal van Krugerskraal. Daar word gepoog om hulle uit die gebou te verwyder. Die probleem is dat br Isak Potgieter te kenne gegee het dat hy sy betrokkenheid by Krugerskraal kan heroorweeg as hierdie saak nie spoedig afgehandel word nie.

Besluit: Kennis geneem.

(c) Dat die omsien na die inhoud van die gebou op Krugerskraal die verantwoordelikheid is van die Deputate Historiese Sake.

Besluit: Goedgekeur.

(d) Dat die Administratiewe Buro en die Deputate Historiese Sake op 'n gekoördineerde wyse met instansies skakel om behulpsaam te wees met die befondsing twv die onderhoud van Krugerskraal. (Instansies wat tans betrokke is, is die Pukkampus van die Noordwes-Universiteit en "Vriende van Krugerskraal". Ook die Dankbaarheidsfonds, Erfenisstigting, Du Toit-familie en staatsubsidies is moontlike bronne waaruit hierdie onderhoud befonds sou kon word.)

Besluit: Goedgekeur.

(e) Dat die Administratiewe Buro opdrag ontvang om die ongewensde bewoners uit die opstal van Krugerskraal te verwyder en om 'n behoorlike skriftelike ooreenkoms vir die volgende 10 jaar met br Isak Potgieter te sluit.

Besluit: Goedgekeur.

3. Sake waarvan die Sinode moet besluit

3.1 *Geskiedskrywing*: Betreffende die opdrag (Acta 2003:451, 3.1.4) dat aandag geskenk word aan die geskiedskrywing van die Kerke vanaf 1959 kan gerapporteer word dat daar op 6 Augustus 2004 deur die Deputate in oorleg met kerkhistorici besluit is dat prof JM Vorster die projek verder sal lei met die oog op 2009.

3.2 *Ad-hoc Deputate 150-jaar*: Die Deputate versoek die Sinode met die oog op die 150-jarige herdenking van die voortbestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika DV 2009 (sien Acta 2003:452, 3.1.4.1 en 753, art 27), om ad-hoc Deputate te benoem om die saak ordelike te reël, aangesien hierdie ad hoc Deputate nie by die Sinode in 2003 benoem is soos versoek nie.

3.3 *Dankbaarheidsfonds:* In die lig van die opdrag (Acta 2003:753) het die Deputate gedurende 2003 met die Administratiewe Buro en br At Kruger vergader. Die Administratiewe Buro het ingewillig om alleen die Dankbaarheidsfonds te

administreer aangesien dit vir Deputate Historiese Sake nie prakties uitvoerbaar is nie.

Besluit: Goedgekeur. Koste aspekte van die 500-jarige herdenking van Calvyn se geboortedag word verwys na die Reëlingskomitee vir die 150-jarige fees van die GKSA.

Besluit: Goedgekeur.

F. AANVULLENDE RAPPORT

Die Deputate wil graag die volgende aanbeveel:

1. Skep van meer argiefspasie

Daar moet in die volgende drie jaar oor die uitbreiding van spasie vir die Kerkargief besin word en middele beskikbaar gestel word.

Motivering: Die Kerkargief beskik oor ongeveer 1 120 meter rakspasie. Daarvan is ongeveer 295 meter nog beskikbaar vir inkomende argivalia. Die afgelope jaar is ongeveer 30 meter gebruik. Die hoeveelheid dokumente wat jaarliks inkom, neem elke jaar met byna 1/3 toe. (Neem hierby in ag die hoeveelheid dokumente van gemeentes wat ontbind of saamsmelt.)

Bogenoemde beteken dat daar vir die volgende drie jaar naastenby 165 meter rakspasie benodig word. Vir dokumentasie wat reeds ontvang maar nog nie ontsluit is nie, is nog 40 meter nodig. Dit laat die Argief in 2009 met 90 meter rakspasie wat binne ‘n jaar te min sal wees. Konserwatief geneem sal die Argief dus in minder as 5 jaar vol wees. Dringende aandag aan hierdie saak is dus absoluut noodsaaklik.

Besluit: Die saak word verwys na die Deputate Historiese Sake om in samewerking met die Bestuur van die Administratiewe Buro ‘n behoeftebepaling te doen en kosteberaming te bepaal, en aan die volgende Sinode te rapporteer.

2. Noodsaak van ‘n argief-assistent

Die Deputate versoek dat dringend oorweging geskenk word aan die aanstelling van ‘n assistent in die Argief.

Motivering: As gevolg van die tendens dat al hoe meer gemeentes hulle dokumente na die Kerkargief oorplaas en die onafgehandelde versamelings by die dag aangroei, raak uitbreiding van die permanente personeel noodsaaklik. Daar is ook geen aflos vir die argivaris as sy siek of met vakansie is nie. Omdat argiefwerk gespesialiseerd is kan nie sommer enige iemand instaan nie en moet ‘n persoon opgelei word.

Take wat dringend aandag verg en waarvoor daar ‘n ekstra personeellid aangestel moet word is die volgende:

(a) Die herindeksering en rekenarisering van die fotoversameling.
(b) Ontsluiting van Sinode, Partikuliere Sinode en Klassisargiewe.
(c) Ordening van persoonlike argiefversamelings.
(d) Ordening van groot argiewe van verskeie Deputaatskappe soos bv Bybelvertaling en SDDS.
(e) Herinventarisering van bestaande argiewe.
(f) Inventarisering van die argiewe van Afrikaners in Argentinië.
(g) Help met navorsing ivm genealogie.
(h) Inlees van doop-, huweliks-, en lidmaatregisters se inskrywings op rekenaar.

Die pos behels die aanwins, keuring, ordening en inventarisering van alle kerklike

dokumente, administratiewe werk, fisiese instandhouding van die Kerkargief en navorsing. Heelwat tyd word bestee aan die verskaffing van inligting en skakeling met verskeie kerklike liggame en gemeentes.

Besluit: Hierdie saak word na die Bestuur van die Administratiewe Buro verwys vir verdere afhandeling – *Deputate Handelinge*.

3. Sentrale Lidmateregister

Die Sinode oorweeg die instelling van ‘n sentrale lidmateregister.

Motivering**:** Tydens die Deputate se besoeke aan Klassisse is die vraag telkens vanuit die Kerke gestel waarom ‘n sentrale databasis met lidmategegewens nie saamgestel kan word om attestering te vergemaklik nie.

Besluit: Hierdie saak word nie hanteer nie, aangesien dit volgens die weg van KO, art 46 op die tafel behoort te kom (Beskrywingspunt). (Kerke en nie Deputate nie, behoort nuwe sake vir die Agenda van ‘n vergadering voor te hou met die nodige motivering).